

MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK

Reg. No. 1983/010725/06 Aandeelkode: MDC ISIN-kode: ZAE000074142 ("Medi-Clinic" – Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

MEDI-CLINIC
Jou eerste keuse.



TUSSENTYDSE VERSLAG

Ongeouditeerde tussentydse
groepresultate vir die ses maande
geëindig 30 September 2006



MEDI-CLINIC
Privaat hospitaalgroep

Toegevoegde aan Schakelgroep

HOOGTEPUNTE

■ GROEI IN INKOMSTE:

14%

■ TOENAME IN BEDRYFSWINS:

15%

■ KERNVERDIENSTE VERWATER WEENS:

• KAPITAALHERSTRUKTURERING

• VRYSTELLING VAN SEB AANDELE UIT TESOURIEVOORRAAD

■ KAPITAALHERSTRUKTURERING LEI TOT VERHOOGDE OPBRENGS OP EKWITEIT

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/06 R'm	Styging %	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/05 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/06 R'm
Inkomste	2,605	14	2,278	4,723
Koste van verkope	(1,431)		(1,258)	(2,571)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(629)		(548)	(1,165)
Bedryfswins voor waardervermindering (EBITDA)	545	15	472	987
Waardevermindering	(67)		(56)	(124)
SEB aandeelgebaseerde betaling	-		-	(85)
Wins met verkoop van toerusting	-		-	1
Bedryfswins	478	15	416	779
Inkomste vanaf geassosieerde	-		13	13
Wins met verkoop van geassosieerde	-		-	43
Finansieringsinkomste	22		39	70
Finansieringskoste	(44)		(12)	(45)
Wins voor belasting	456		456	860
Belasting	(133)		(133)	(428)
Wins vir die periode	323		323	432
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouders van die maatskappy	272		276	338
Minderheidsbelange	51		47	94
	323		323	432
Verdiens te per gewone aandeel - sent				
-Basies	76.2	(5)	80.4	97.1
-Verwaterde	69.0		79.3	85.9
Wesensverdiens te per gewone aandeel - sent				
-Basies	76.2	(5)	80.3	86.3
-Verwaterde	69.0		79.2	76.3
Kernverdiens te per aandeel - sent				
-Basies	76.2	(5)	80.3	159.3
-Verwaterde	69.0		79.2	140.9
Verdiens te rekonsillasie:				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders	272		276	338
Wins met verkoop van toerusting	-		-	(1)
Na belaste wins met verkoop van geassosieerde	-		-	(37)
Wesensverdiens te	272	(1)	276	300
Netto SBM betaal op spesiale dividend	-		-	168
SEB aandeelgebaseerde betaling	-		-	85
Kernverdiens te	272	(1)	276	553

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30/09/06 R'm	Ongeouditeer 30/09/05 R'm	Geouditeer 31/03/06 R'm
Bates			
Nie-bedryfsbates	2,685	2,350	2,617
Eiendom, aanleg en toerusting	2,445	2,105	2,327
Ontasbare bates	48	48	48
Beleggings - ongenoteerd	72	109	119
Uitgestelde belasting	120	88	123
Bedryfsbates	1,122	1,617	980
Voorraad	158	140	153
Handelsdebiteure en vooruitbetalings	606	496	667
Kontant en kontantekwivalente	358	981	160
Totale bates	3,807	3,967	3,597
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Totale ekwiteit	2,115	3,125	1,931
Aandelekapitaal en reserwes	1,799	2,868	1,641
Minderheidsbelange	316	257	290
Totale laste	1,692	842	1,666
Langtermyn rentedraende skuld	810	145	848
Langtermyn rentevrye skuld	116	82	102
Uitgestelde inkomste belasting aanspreeklikhede	5	4	5
Korttermyn rentedraende skuld	76	51	74
Korttermyn rentevrye skuld	685	560	637
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	3,807	3,967	3,597
Aantal gewone aandele ('000)	357,910	344,659	356,231
Geweegde aantal gewone aandele ('000)	356,832	343,817	347,140
Verwaterde aantal gewone aandele ('000)	394,320	348,432	392,417
Netto batewaarde per gewone aandeel - sent	503	832	461
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings	72	142	119

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/06 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/05 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/06 R'm
Openingsaldo	1,931	2,928	2,928
Netto aandele uitgereik	-	-	3
Verdeel aan aandeelhouders	(122)	(109)	(1,493)
Verdeel aan minderhede	(25)	(24)	(39)
Wins vir die periode	323	323	432
Beweging in aandele gehou in tesourie	4	6	17
Beweging in aandeel gebaseerde betalings reserwe	4	1	90
Aandeel uitgifkoste	-	-	(7)
	<u>2,115</u>	<u>3,125</u>	<u>1,931</u>

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/06 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/05 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/06 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	515	455	571
Kontant deur bedrywighede voortgebring	696	562	994
Netto (finansieringskoste) / finansieringsinkomste	(22)	27	25
Belasting betaal	(159)	(134)	(448)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(138)	(151)	(388)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(175)	(140)	(830)
Verdelings aan aandeelhouders	(122)	(109)	(1,493)
Verdelings aan minderhede	(25)	(24)	(39)
Beweging in skuld	(32)	(13)	689
Ander	4	6	13
Netto beweging in kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings	202	164	(647)
Openingsaldo van kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings	149	796	796
Eindsaldo van kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings	<u>351</u>	<u>960</u>	<u>149</u>
Kontant en kontantekwivalente	358	981	160
Bankoortrekkings	(7)	(21)	(11)
	<u>351</u>	<u>960</u>	<u>149</u>

KOMMENTAAR

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die groep sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het. Die bedryfsprestasie het verbeter en die groep gaan voort om sy strategiese inisiatiewe en beleggings gemik op die uitbreiding van sy bedrywighede in Suid-Afrika en ander lande te implementeer.

FINANSIËLE OORSIG

Aandeelhouders word verwys na die omsendbrief gedateer 1 November 2005 wat besonderhede oor die swart eienaarskapsinisiatief en die kapitaalherstrukturerings wat deur Medi-Clinic in 2005 geïmplementeer is ("die transaksies") bevat, sowel as die handelsverklaring van 19 April 2006 wat, onder andere, die rekenkundige hantering van die swart eienaarskapsinisiatief uiteensit.

Die transaksies het 'n eenmalige en voortdurende finansiële uitwerking op die groep se verdienste, verdienste per aandeel ("VPA") en wesensverdiensye per aandeel ("WPA"). Die eenmalige uitwerking van die transaksies word gemanifesteer in die volgende twee heffings in die groep se inkomtestaat: 'n netto SBM-heffing van R168 miljoen ("die SBM-heffing") wat voortspruit uit die spesiale dividend wat as deel van die kapitaalherstrukturerings verklaar is, sowel as 'n heffing van R85 miljoen, synde die IFRS-heffing op die aandeelgebaseerde gedeelte van die swart eienaarskapsinisiatief ("die SEB-aandeelgebaseerde betaling"). Hierdie heffings is volledig uiteengesit in die finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2006.

Die voortdurende effek van die transaksies word hoofsaaklik weerspieël in:

- hoër renteheffings wat deur die groep betaalbaar is ("die hoër renteheffings") vanweë die kapitaalherstrukturerings wat op 27 Desember 2005 geïmplementeer is. Die hoër renteheffings bestaan uit die totaal van die verbeuring van die rente-inkomste op die kontantbalans voor die kapitaalherstrukturerings en die rente betaal op die nuwe skuld van R700 miljoen wat aangegaan is. In vergelyking met die voorafgaande ses maande beloop die hoër renteheffings vir die ses maande onder oorsig ongeveer R61 miljoen voor belasting; en
- die 28,5 miljoen nuwe aandele wat aan die strategiese swart vennote ooreenkomstig die swart eienaarskapsinisiatief uitgereik is. Dié aandele word as tesourievoorraad hanteer en sal vrygestel word pro rata tot die dividende wat van die strategiese swart vennote terug ontvang word relatief tot die oorspronklike markwaarde van R525 miljoen van hierdie aandele. Tot op datum is 10,5 miljoen van hierdie aandele vanuit tesourievoorraad vrygestel (waarvan 0,9 miljoen aandele gedurende die oorsigperiode vrygestel is). Dit laat 'n balans van 18,0 miljoen tesourie-aandele op 30 September 2006, benewens die bestaande tesourie-aandele wat deur die groep gehou word en die 15,8 miljoen aandele wat aan die Mpilo Trust uitgereik is. Die vrystelling van tesourie-aandele het en sal voortgaan om 'n dienooreenkomstige verwatering op die groep se VPA en WPA te hê.

In hierdie verslag word die groep se kernverdienste beklemtoon. Die kernverdienste sluit die groep se wesensverdienste en die voortdurende effek van die transaksies in, maar sluit die eenmalige effek van die SBM-heffing en die SEB-aandeelgebaseerde betaling uit.

Die transaksies het nie 'n beduidende finansiële effek op die groep se bedryfsprestasie gehad nie.

Met bogenoemde as agtergrond, het inkomste, wat hoofsaaklik uit hospitaalfooie bestaan, met 14% tot R2 605 miljoen (2005: R 2 278 miljoen) gedurende die ses maande onder oorsig gegroei. Bedryfsinkomste voor rente, belasting, depresiasië en amortisasie ("EBITDA") het met 15% tot R545 miljoen (2005: R472 miljoen) toegeneem. Ná inagneming van die hoër renteheffings van ongeveer R61 miljoen, het kernverdienste met 1% tot R272 miljoen (2005: R276 miljoen) afgeneem met 'n gevolglike afname van 5% in kernverdienste per aandeel tot 76,2 sent (2005: 80,3 sent). Die tussentydse dividend per gewone aandeel teen 16,5 sent is in stand gehou.

BEDRYFSOORSIG

Die groep het 'n 49,9% belang in die 190-bed Wits Donald Gordon Mediese Sentrum asook 'n 100% belang in die 137-bed Legae Privaat Hospitaal bekom, met effek van 1 Julie 2005 en 1 Desember 2005 onderskeidelik. Die huidige oorsigperiode se resultate is dus nie direk vergelykbaar met dié van die vorige periode nie. Met uitsluiting van die toename in kapasiteit, het die groep se inkomste met 11% gegroei.

Die groei van 11% in omset is behaal deur 'n 5% toename in beddae verkoop, 'n toename van 5% in die gemiddelde inkomste per beddag en 'n 1% verandering in die profiel van pasiënte wat behandel is. Die toename in besetting geld vir beide chirurgiese en mediese gevalle. Die aantal pasiënte wat tot ons hospitale toegelaat is, het met 3% toegeneem, terwyl die gemiddelde lengte van verblyf effens toegeneem het, hoofsaaklik omdat die gemiddelde lengte van verblyf vir mediese gevalle langer was.

Verbeterde bedryfsdoeltreffendhede het daartoe gelei dat die groep se EBITDA-marge toegeneem het van 20,7% tot 20,9%.

Gesonde kontantvloei is gedurende die periode onder oorsig gehandhaaf, hoofsaaklik vanweë meer doeltreffende bestuur van bedryfskapitaal. Die groep het 128% (2005: 119%) van sy EBITDA omskep in kontant uit bedrywighede voortgebring. Kontantmiddele het van R160 miljoen op 31 Maart 2006 tot R358 miljoen toegeneem na die finansiering van kapitaalbesteding en beleggings. Rentedraende skuld het van R922 miljoen op 31 Maart 2006 tot R886 miljoen verminder, wat daartoe gelei het dat die verhouding van rentedraende skuld tot ekwiteit van 48% tot 42% verbeter het. Die groep se gesonde kontantvloei beklemtoon steeds die gehalte van sy verdienste.

Indien die balansstaat van 30 September 2006 met dié van 30 September 2005 vergelyk word, is die effek van die kapitaalherstrukturering duidelik. Die rentedraende skuld tot ekwiteit verhouding het van 6% tot 42% toegeneem met 'n gepaardgaande toename in die opbrengs (kernverdienste) op aandeelhouersbelang van 19% tot 30%.

Kapitaalbesteding gedurende die oorsigperiode het R185 miljoen (2005: R144 miljoen) beloop. Kapitaalverpligtinge (insluitende bedrae wat goedgekeur is, maar nog nie uitgekонтakteer is nie) beloop R312 miljoen (2005: R373 miljoen).

VERENIGDE ARABIESE EMIRATE (“VAE”)

Die groep het op 28 April 2006 bekendgemaak dat 'n ooreenkoms aangegaan is vir die verkryging van 'n 49% belang in Emirates Healthcare Holdings Beperk (“Emirates Healthcare”) vir US\$46,4 miljoen. Emirates Healthcare is die houermaatskappy van die gesondheidsorgbelange van die Varkey Groep, 'n private gesondheidsorggroep wat in Dubai, VAE gebaseer is en die 120-bed Welcare Hospitaal, tans die grootste privaat hospitaal in Dubai, asook 'n primêre sorgsentrum en twee klinieke in die nabyheid besit. Dit besit ook die regte om twee nuwe hospitale (ongeveer 400 beddens) in die vrye sone, naamlik Dubai Healthcare City, te ontwikkel en beplan om 'n verdere vyf verwante klinieke te ontwikkel. Hierdie projekte sal befonds word deur die ekwiteitskapitaal wat by die implementering van die transaksie belê sal word, tesame met skuld teen 'n geprojekteerde hefboomverhouding van 45%. Dit word verwag dat Medi-Clinic se belegging in Emirates Healthcare oor die korttermyn nie 'n wesenlike uitwerking op sy verdienste sal hê nie. Die konstruksie van die eerste hospitaal, synde die 210-bed City Hospitaal, het begin en die ingebruikstelling daarvan word beplan vir die tweede helfte van 2007.

Die ooreenkoms is onderhewig aan die nakoming van verskeie opskortende voorwaardes, onder andere, dat die ooreengekome skuldbefondsing waarna hierbo verwys is, verseker is. Die datum vir die nakoming van die opskortende voorwaardes is van 30 Junie 2006 tot 31 Desember 2006 uitgestel ten einde 'n realistiese tydsraamwerk vir die finalisering van verskeie statutêre en finansieringsaangeleenthede te laat. Die befondsing is nou deur die deelnemende banke goedgekeur en die regsdokumente en sindikasie is in die proses om gefinaliseer te word. Die transaksie sal na verwagting in die nabye toekoms onvoorwaardelik wees en implementeer word.

Aandeelhouders word ook verwys na paragraaf 3.2.5 van die aankondiging van 28 April 2006 wat aandui dat die partye sal poog om 'n verdere strategiese vennoot te bekom wat 'n ekwiteitsbelang van ongeveer 22,75% in die bedryfsfiliale van Emirates Healthcare sal hou. Indien 'n geskikte strategiese belegger nie voor die implementering van die transaksie bekom kan word nie, het Medi-Clinic ingestem om in te skryf vir kumulatiewe veranderlikekoers deelnemende aflosbare omskepbare voorkeuraandeel (“die voorkeuraandeel”) in Emirates Healthcare teen ongeveer US\$28,1 miljoen, wat die leemte in die verlangde kapitalisasie van die onderneming sal vul. Indien 'n geskikte strategiese belegger binne 'n jaar vanaf sodanige inskrywing gevind word, sal die strategiese belegger toegelaat word om die ekwiteit op te neem en Medi-Clinic sal terugbetaal word. Indien so 'n belegger nie gevind word nie, sal die Varkey Groep 'n opsie hê om 51% van die voorkeuraandeel te koop. Die voorkeuraandeel sal outomaties na drie jaar in gewone ekwiteit omskep word.

Verdere geleenthede in ander lande word steeds ondersoek.

INDUSTRIE-AANGELEENTHEDE

Die Gesondheidsorghandves

Soos reeds voorheen vermeld, ondersteun Medi-Clinic die formulering van 'n gesondheidsorghandves en speel 'n aktiewe rol via die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika ("HASA") in die opstel van die handves. Dit blyk asof die einde van hierdie proses in sig is. Die groep is dankbaar dat rede geseëvier het en dat die handves grotendeels in lyn is met die SEB-kodes van die Departement van Handel en Nywerheid.

Bekostigbaarheid van Gesondheidsorg

Bekostigbaarheid sal altyd internasionaal 'n kritiese aangeleentheid in die gesondheidsorgbedryf bly, veral in ontwikkelende lande.

Die toename in gesondheidsorgkoste word wêreldwyd gedryf deur verhoogde gebruik wat toeskryfbaar is aan die ouerwordende bevolking, nuwe tegnologie, pasiënte se verwagtinge en die toenemende siektelas. Plaaslik word die omstandighede vererger deur 'n tekort aan opgeleide verpleegpersoneel, soortgelyk aan wat op internasionale vlak ondervind word. Dit het die gevolg dat daar tans en in die afsienbare toekoms volgehoue druk vir hoër verpleegsalarisse sal wees.

Die privaat hospitaalbedryf het die behoefte raakgesien om die koste van privaat hospitale in perspektief te plaas en om die onderliggende kostedrywers van 'n deursnee privaat hospitaal in Suid-Afrika te verduidelik. Derhalwe het HASA, waarvan Medi-Clinic nog deurgaans 'n lid was, onafhanklike navorsing oor die kostedrywers en ander veranderlikes wat die uitgawes van privaat hospitale beïnvloed geloods. Van die belangrikste bevindinge van die eerste fase van die ondersoek dui daarop dat die inflasie van privaat gesondheidsorgkoste beduidend verminder het in die nabye verlede; dat privaat hospitale in der waarheid kostes absorbeer en nie bloot al hul kostestygings aan verbruikers deurgee nie; en dat Suid-Afrika se gesondheidsorginflasie die derde laagste was van die nege lande wat by die navorsing betrek is. Dit is nutteloos om die koste van Suid-Afrika se privaat en publieke gesondheidsorg te vergelyk, aangesien die werklike allesinsluitende koste van publieke gesondheidsorg nie bekend is nie. Die groep is oortuig daarvan dat selfs lede van mediese fondse in private sale van publieke hospitale aansienlike subsidiëring van belastingbetalers ontvang: net in 'n mindere mate as die behoeftiges wat al die subsidiëring behoort te kry.

VERANDERING IN RAAD VAN DIREKTEURE

Prof. WP Esterhuysen het aftree ouderdom bereik en het gevolglik by die groep se onlangse algemene jaarvergadering op 27 Julie 2006 sy uittrede aangekondig na 14 jaar van toegewyde diens op die Direksie. Sy bedaarde, wyse en goed ingeligte bydraes op direksievlak en ook by ander forums in die groep sal gemis word. Ons beste wense vergesel hom gedurende sy aftrede.

VOORUITSIGTE

Die groep verwag om sy geskiedenis van bestendige groei in bedryfswins gebaseer op voldoening aan die mark se behoeftes voort te sit.

Die Emirates Healthcare-geleentheid sal tyd en bedryfshulpbronne in beslag neem, maar die groep is vol vertroue dat dit 'n uitstekende platform vir verdere groei sal verskaf.

Phodiclinics (Eiendoms) Beperk ("Phodiclinics"), waarvan 51% deur Medi-Clinic en 49% deur Phodiso besit word, het die hospitale van die 200-bed Protector-groep verkry, wat hoofsaaklik uit die Medivaal Mediese Sentrum in Vanderbijlpark bestaan. Die Mededingingstribunaal het die transaksie goedgekeur en dit sal gedurende November 2006 geïmplementeer word. 'n Lisensie is ook aan Phodiclinics toegeken om 'n 140-bed hospitaal in die noordelike voorstede van die Kaapse Metropool te bou, welke projek in die volgende kalenderjaar aangepak sal word.

Die omvattende opgradering van Panorama Medi-Clinic, sowel as die algehele herbouing van Plettenbergbaai Medi-Clinic het begin. Grootse opgraderings by Morningside Medi-Clinic en Sandton Medi-Clinic van meer as R100 miljoen elk is byna voltooi. Uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic, sowel as 'n projek by Nelspruit Medi-Clinic bestaande uit addisionele spreekkamers en die opgradering van die oorspronklike hospitaal, is ook byna voltooi. Roetine opgraderings duur voort by verskeie ander hospitale. Die groep sal ook, as 'n 49% aandeelhouer, 'n 70-bed hospitaal in Scottburgh, KwaZulu-Natal, ontwikkel.

Daar word tans beraam dat die groep se aantal beddens met ongeveer 500 sal toeneem in die volgende twee jaar vanweë die bou van nuwe hospitale en die uitbreiding van bestaande hospitale.

GRONDSLAG VAN VOORBEREIDING

Die tussentydse finansiële state is opgestel ooreenkomstig IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die rekeningkundige beleide voldoen aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en is konsekwent toegepas met die beleide van die vorige jaar.

DIVIDEND AAN AANDEELHOERS

Die raad van direkteure het 'n tussentydse dividend van 16,5 sent per gewone aandeel verklaar.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes bepaal:

Laaste datum vir verhandeling cum dividend	Vrydag, 1 Desember 2006
Eerste datum vir verhandeling ex dividend	Maandag, 4 Desember 2006
Rekorddatum	Vrydag, 8 Desember 2006
Betaaldatum	Maandag, 11 Desember 2006

Aandeelsertifikate mag nie van Maandag, 4 Desember 2006 tot Vrydag, 8 Desember 2006, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG
Voorsitter
Stellenbosch, 8 November 2006

LJ ALBERTS
Besturende Direkteur

DIREKTEURE: E de la H Hertzog (Voorsitter), L J Alberts (Besturend),
S Dakile-Hlongwane, J du T Marais, A R Martin, D P Meintjes,
V E Msibi, K H S Pretorius, A A Raath, M A Ramphele,
JG Swiegers, W L van der Merwe, M H Visser

SEKRETARIS: G C Hattingh

GEREGISTREERDE Medi-Clinic Kantore, Strandstraat, Stellenbosch 7600

ADRES: Posbus 456, Stellenbosch 7599
Tel (021) 809-6500 Faks (021) 886-4037

E-MAIL: medimail@mediclinic.co.za

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services 2004 (Edms) Bpk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown 2107
Tel (011) 370-7700 Faks (011) 688-7716

BORG: Rand Aksepbank
(’n Divisie van FirstRand Bank Beperk)

www.mediclinic.co.za

